

‘n Kerk wat getuig, is ‘n kerk wat leef. ‘n Ekklesiologiese perspektief op die missionêre karakter van die kerk¹ - Deel II

D J Dreyer

(Universiteit van Pretoria)

ABSTRACT

A witnessing church is a church that is alive. An ecclesiological perspective on the missionary character of the church – Part II

In the first of these two articles we focused on the Biblical perspective of the missionary church. The focus in the second article is on the ecclesiology. It is essential to remember that the church is rooted in the kingdom of God. Jesus Christ himself and his ministry was the beginning of the kingdom of God (Mark 1:15). The church exists not for her own sake, but for the world for whom Jesus was crucified. This is the vantage point for a missionary church at the end of the Christendom paradigm. The missionary character of the church (the church as an apostolic church) and eschatology were not always in the focus of the theology of the reformed churches in the Western world. Of the four notes or marks of the church as one, holy, catholic and apostolic, apostolic is the norm for the other three. Apostolicity is a precondition and a result for the church as a missionary church. The message of a missionary church is the only real answer in the search for meaning in this world.

1 DIE KERK DEUR NUWE OË

In die eerste artikel is gekyk na ‘n Bybels-teologiese fundering van ‘n missionêre kerk. In hierdie tweede artikel word in aansluiting daarby die missionêre ekklesiologie verder ontwikkel. Aan die einde van die era van die Christendom (ongeveer 450-1950) en die modernisme (ongeveer 1650-1950), bevind die kerk hom vandag toenemend in ‘n tyd waarin alle historiese ontwikkelinge gedevalueer word (Vicedom 1965:1). Die veranderende tye skud die kerk in sy diepste fondamente en dit bring ‘n gevoel van onsekerheid

1 Die eerste deel van hierdie artikel is gepubliseer in *Verbum et Ecclesia* (23.2 2002: 319-332). Die outeur is ‘n navorsingsgenoot van prof C J Wethmar en is betrokke by die projek Identiteit en relevansie van die kerk in ‘n plurale samelewing wat in die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek onderneem word.

en hulpeloosheid. Dit wat die kerk in sy wese is, staan nie los van hoe die kerk in die daaglikse lewe ervaar word nie. Soms is daar 'n groot kloof tussen die ervaring van wat die kerk is, en wat die kerk behoort te wees na sy oorspronklike bedoeling. Daar is 'n voortdurende spanning tussen dit wat die kerk *is* (wese, essensie) en wat hy *doen* (verskyning, eksistensie).

In die verlede het die kerk in veranderende tye na die diepere betekenis van sy bestaan as kerk gesoek. Die mees produktiewe tye van die Christelike geloof was die tye van belydenisvorming, nie die tye van belydenisherhaling nie (Barth 1937:ix). Augustinus het sy *Confessiones* geskryf toe die Romeinse Ryk besig was om te verkummel onder die druk van die invallende barbare. Calvyn se *Institusie* kom uit 'n tyd van godsdienstige verwarring en politieke ongeregtheid. Tussen die Eerste en Tweede Wêreldoorlog by die Brandenburg Sendingkonferensie in 1932 was Karl Barth die eerste teoloog wat sending as 'n aktiwiteit van God self gedefinieer het (Bosch 1991:389). Dietrich Bonhoeffer was in die Nazi-gevangenis in 1944 die argitek van die uitdrukking: "*Die kerk as die kerk vir ander*" (Bonhoeffer 1971:382). Die werklike uitdaging vir die kerk is die vraag: Hoe kan die kerk vandag geloofwaardig lewe as 'n betroubare getuie in 'n veranderende wêreld? Hierdie vraag vra na die wesentlike verhouding van die kerk tot sy konteks (Van Gelder 1999:xvii).

Die Reformasie van die 16e eeu was 'n poging om teenoor die Rooms-Katolieke Kerk met die klem op die kerk as instituut, die kerk as 'n gemeenskap van gelowiges te beklemtoon. Die bedoeling van die Reformasie was suiwer. Daar is enersyds gereageer teen die institusionalisering van die Rooms-Katolieke Kerk en andersyds teen 'n spiritualisering van die kerk soos in die Radikale Reformasie (Anabaptiste). Die vraag kan gevra word of die Reformasie as *reaksie* teen dié twee strominge werklik 'n eie dinamiese kerkbegrip ontwikkel het. Het die reformatore, veral die tweede geslag en later, in hulle apologetiese stryd nie te veel op die kerk as kerk gekonsentreer nie? Die gevaar vir die kerk van die Reformasie, soos vir enige ander kerk, was om self ook weer te institusionaliseer en in 'n institusionele teologie vas te val. Daar word selfs beweer dat die kerke van die reformasie 'n konseptuele raamwerk opgebou het waarmee die Skrif geïnterpreteer word wat net so rigied soos die Rooms-Katolieke tradisie is (Burrows 1999:189).


In die lig van die neiging van die kerk om altyd te institusionaliseer, moet dit voortdurend in gedagte gehou word dat dit in die geloofslawe van die kerk ten diepste gaan oor God (as die groot Subjek) wat met die mens (as die klein subjek) in 'n (verbonds-) verhouding wil staan en in gesprek wil bly. In die spreke *van* God maak Hy homself aan die mens bekend. Die mens antwoord positief in geloof op die spreke van God of negatief in ongeloof. Die mens se antwoord is 'n spreke *oor en tot* God. God het op baie maniere en baie kere Hom aan die mens bekend gemaak, maar die belangrikste manier waarop Hy met die mens gepraat het, is deur sy Seun (Heb 1:1-2). Jesus Christus is die *middelpunt* van hierdie gesprek. Op voetspoor van Luther lê Eberhard Jüngel en Jürgen Moltmann klem op die *kruis* van Christus. Deur die kruis en die opstanding van Jesus Christus is daar 'n *nuwe verhouding* tussen God en mens gevestig. In Christus is die weg vir die mens na God op 'n nuwe manier oopgemaak (Joh 14:6). Dit is die *verhoudings-as* van die raamwerk waarbinne God en mens mekaar ontmoet.

Die *Heilige Gees* bring hierdie verhouding tussen God en mens tot stand. Onder leiding van die Heilige Gees word hierdie verhouding gevoed en uitgebou. *Gebed* is die kragbron van die mens se lewe in verhouding met God. Dit is die *spiritualiteits-as* van gesprek tussen God en mens. Binne hierdie verhouding wat deur 'n lewende geloof geanker is in Christus, lewe die gelowige in die teenwoordigheid van God (*coram Deo*). God praat met die mens en die mens hoor sy stem en reageer in geloofsgehoorsaamheid. In hierdie lewende ontmoeting tussen God en mens is daar vier faktore wat 'n rol speel. Die eerste faktor is die Bybel as die *Woord* van God. Binne die gereformeerde tradisie is die Bybel die vertrekpunt en neem die belangrikste plek in. Die Skrif is die bril waardeur daar na die ander wyses waarop God homself aan die mens openbaar, gekyk word (Calvyn). Die tweede faktor wat 'n rol speel is die *tradisie* waarin iemand staan. Die tradisie word ernstig opgeneem, maar ook krities beoordeel. Vir 'n kerk met 'n gereformeerde belydenis gaan dit in die eerste plek oor die protestantse tradisie en teologie, maar oor ook die breër Christelike geloofstradisie. Die derde faktor wat in die gesprek oor en met God in berekening gebring moet word is die *konteks* waarin mense lewe, terwyl die vierde faktor elkeen wat aan die gesprek deelneem se *persoonlike ervaring* is. God is deur die eeue en vandag nog werksaam in die lewe van mense en in hulle omstandighede. Die Christelike kerk

fokus in al vier die aspekte op, en word gerig vanuit, Jesus Christus as die *sentrum* van God se openbaring (Efes 3:10-11; Heb 1:2).

Die doel van hierdie gesprek tussen God en mens is om te ontdek wie Hy werklik is en wat Hy van die mens verwag met die oog op sy/haar getuienis in hierdie wêreld. In hierdie getuienis bely die gelowige sy/haar geloof in die enigste ware God en deur woorde en daade van gehoorsaamheid, lewer die gelowige 'n getuienis tot eer van God drie-enig (Matt 22:37; Rom 11:33-36; 1 Kor 10:31; Kol 3:23). Hierdie dialoog is nie net 'n individuele gesprek nie, maar ook 'n gemeenskaplike gesprek. In die kerk as die gemeenskap van die gelowiges vind 'n korporatiewe dialoog van gelowiges wat saam na die stem van Here luister, sy wil seek en saam daarop reageer, plaas. Die basiese struktuur van die gesprek tussen God en mens is 'n *dialogiese struktuur* (Dreyer 1983:97). Hierdie dialoog op die verhoudings-as en spiritualiteits-as is dinamies en interaktief op beide vlakke. In die dialoog is daar voortdurend 'n wisselwerking tussen die Bybel, die tradisie, die konteks en die persoonlike ervaring van die deelnemers aan die gesprek. Binne hierdie interaktiewe dialogiese verhouding word die boodskap van God in ons tyd gehoor. In gehoorsaamheid aan die boodskap van God, waarvan die gelowiges op grond van hulle ontmoeting met Hom oortuig is, lewer hulle hulle getuienis in die wêreld (Berkouwer 1972:255ev).

Skematies kan die gesprek tussen God en mens soos volg voorgestel word.



2 DIE KONINKRYK VAN GOD EN DIE KERK

Een van die mees aktuele vrae is die vraag na die verhouding tussen die koninkryk van God en die kerk. Vir die eerste drie eeue is die koninkryk van God hoofsaaklik in 'n eskatologiese sin verstaan. Augustinus was die eerste om die koninkryk van God met die kerk te identifiseer. 'n Identifikasie wat in die Rooms-Katolieke kerk se leerstellings neerslag gevind het en tot onlangs in die Reformatoriese tradisie in 'n gewysigde vorm voortbestaan het (Ladd 1975:105-106). Daarom is dit nodig om verder duidelikheid oor die verhouding tussen kerk en koninkryk te kry.

Jesus het nie in die eerste plek gekom om ‘n kerk te stig nie, maar om die koninkryk van God in die wêreld te laat kom (Mrk 1:15). Hy het as ‘n Jood na die Jode gekom. Israel het Jesus, sowel as die boodskap wat Hy gebring het, verwerp (Joh 1:12). Tog het ‘n noemenswaardige deel van die mense Hom aanvaar en sy dissipels geword. Hulle is die gelowige oorblyfsel uit die stam van Israel. Die twaalf dissipels wys terug na die verbondsvolk van die Ou Testament en eskatologies vooruit na die nuwe Israel. Hierdie groepie volgelinge van Jesus was nog nie die kerk nie, maar hulle was die kern waaruit die kerk sou groei. In die Nuwe Testament word die gelowiges nie met die kerk gelyk gestel nie. Die apostels het nie die kerk verkondig nie. Hulle dryfveer was die uitbreiding van die koninkryk van God (Hand 8:12; 19:8; 20:25; 28:23,31) (Ladd 1975:109,111). Paulus bevestig dat God se bedoeling met die koms van sy Seun na die wêreld, “was om alles wat in die hemel en wat op die aarde is, onder een hoof te verenig, naamlik onder Christus” (Efes 1:10). Christus is die Koning oor alles en almal. Die kerk het ontstaan *uit* die koninkryk van God wat deur Jesus aangekondig is. Hyself het in sy persoon en bediening gestalte gegee aan die koninkryk van God. Daarom bestaan die kerk *vir* die wêreld vir wie Jesus gesterf en opgestaan het (Braaten 1985:14).

Die verkondiging van die Evangelieboodskap is een van die belangrikste gestaltes van die koninkryk van God in hierdie wêreld (Ridderbos 1972:288). Mense wat tot geloof gekom het, is opgeneem in ‘n nuwe geloofsgemeenskap. Jode en nie-Jode word deel van die volk van God (Efes 1:11-13). Omgekeerd: die kerk is ‘n getuie van die koninkryk van God. Jesus het vir sy dissipels die opdrag gegee om die Evangelie van die koninkryk van God te gaan verkondig. Die opbou van die gemeente gaan saam met die vrug van die verkondiging van die Evangelie (Ridderbos 1972:320). Die verkondiging van die Evangelie deur die kerk is instrumenteel in die koms van die koninkryk van God in hierdie wêreld (Ladd 1975:113,116). As sodanig is die kerk ook die bewaarder van die koninkryk van God (Matt 16:18-19). Herman Ridderbos (1972:293) wys daarop dat hoewel die verwysing na Matt 16:18-19 as verwysend na die kerk (*ekklesia*) bevraagteken word, daar tog bevredigend aangetoon is dat die gedeelte ‘n integrerende deel vorm van Jesus se prediking oor die koninkryk van God. Daarin kry die kerk, as volk van die Messias wat homself in die hede openbaar, dan ook ‘n duideliker grondslag. Die kerk en die koninkryk moet van

mekaar onderskei word, maar kan nie geskei word nie. Die koninkryk van God is die gebied waar die heerskappy van God erken word, sy wil gehoorsaam en sy seëninge ervaar word. Die kerk is die gemeenskap van gelowiges wat God aanbid en die vreugde van sy seëninge deel en uitdra na die wêreld. As sodanig is die kerk 'n teken van die koninkryk wat deur sy voorbeeld iets illustreer van die werklike betekenis van die koninkryk van God (Ladd 1975:119; Ridderbos 1972:307).

Die kerk in die Nuwe Testament is dus nie gelyk aan die koninkryk van God nie, maar is 'n manifestasie van die koninkryk van God. Al behoort die kerk tot die koninkryk van God, verteenwoordig die kerk nie die volle grootheid en heerlikheid daarvan nie. Die koninkryk van God is wyer as die kerk. In alles wat in die kerk gebeur maak die kerk ook nie die koninkryk van God sigbaar nie. In soverre Satan daarin slaag om deur te breek in die kerk, behoort die kerk tot 'n ander koninkryk (Heyns 1978:353-354; Vicedom 1965:133). In 'n sekere sin is die koninkryk van God nog verborge in die wêreld. Die diens van die kerk aan die koninkryk staan nog in die teken van voorlopigheid. God is ook buite die kerk in die wêreld werksaam. Hy bewaar die wêreld in sy voorsienigheid van algehele verval (Gibbs 1981:67-68). Die feit dat daar buite die kerk selfs ware gelowiges kan wees, maak die getuienis van die kerk nie oorbodig nie. Die verkondiging van die Evangelie is nie die totaliteit van die getuienistaak van die kerk nie, maar die hart daarvan. Iets hiervan verwoord Paulus in die retoriese vraag: "En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek?" (Rom 10:14).

3 METAMORFOSE: DIE VERANDERDE VORM VAN DIE LIGGAAM VAN CHRISTUS IN DIE WÊRELD

Die Christendom is tans besig om diepgaande veranderinge te ondergaan. Die enigste parallel vir die huidige verandering is die oorgang van die vroeg-christelike tyd voor die begin van die era van Christendom in die tyd van Keiser Konstantyn. Die kerk in die Weste word vandag weer terug geplaas in die tyd voor Konstantyn. Die gety van die outonomie van die rede en die ondergrawing van die sekularisme, gepaardgaande met die religieuse pluralisme, het die einde van die Christendom paradigma in die Weste laat aanbreek. Die einde van die Christelike kerk, as een van die pilare om die nasionale drome van Christelike volkere in stand te hou, het aangebreek. Sommige mense kyk nog hoopvol na die kerk vir leiding. Met die einde van die Christelik-nasionale drome het die

waardes, hoop en moraliteit waarvan die kerk 'n simbool vir die volk was, ook tot 'n einde gekom. Soms is die kerk nog geneig om die “drome van die Christendom paradigma” te droom. Daar sal altyd nog 'n paar kerke as oorblyfsels van die institusionele Christendom wees wat mense sal aantrek, maar dit sal die uitsonderings wees (Hall 1999:67).

Die Westerse kerk pluk vandag die vrugte van twee verwaarloosde geloofswaarhede, naamlik die missionêre karakter van die kerk en 'n afgewaterde eskatologie. Beide leerstukke kom nie in die gereformeerde tradisie genoegsaam tot hulle reg nie. In die Algemene Belydenisse word die apostolisiteit van die kerk in die Apostoliese Geloofsbelydenis (Credo) vertaal met “Christelike kerk”. Terwyl die verwysing na die apostolisiteit in die Geloofsbelydenis van Athanasius ontbreek. Die apostolisiteit van die kerk word in die Belydenis van Nicéa slegs verstaan as “gegrond op die leer van die apostels”. In die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls ontbreek die eskatologie as 'n afsonderlike leerstuk. Die verwysing na die ewige lewe (Heidelbergse Kategismus vraag 58) en die volharding van die heiliges (Dordtse Leerreëls Hoofstuk 5) handel egter net oor die individuele eskatologie. In die Nederlandse Geloofsbelydenis handel die laaste artikel (Artikel 37) oor die laaste oordeel, die opstanding en die ewige lewe. Na aanleiding van Johannes Calvyn is hierdie artikel vanuit die gesigspunt van die individuele eskatologie geskryf. Die verklaring van hierdie artikel beklemtoon dan ook gewoonlik die feit *dat* Jesus weer kom en spel dan die implikasies uit wat dit vir die gelowige en ongelowige as individue het (Heyns 1988:406-409). Hieruit blyk die tydsgebondenheid van die kerklike Belydenisse en Belydenisskrifte. Willie Jonker (1994:89) sien die leemte raak, maar oordeel sag hieroor as hy na aanleiding van Artikel 37 van die Nederlandse Geloofsbelydenis sê “Die artikel oor die wederkoms is nie die sterkste artikel van die belydenis nie”.

Aangesien die Gereformeerde Dogmatiek dikwels gestruktureer is aan die hand van die belydenisskrifte, is dit te verstane dat die missionêre en eskatologiese karakter van die kerk nie 'n prominente rol in die Gereformeerde teologie gespeel het nie. In 'n sekere sin is hierdie leemte ondervang deur die klem wat Calvyn op die heiliging van die ganse lewe geplaas het. Die heiliging van die ganse lewe tot eer van God as 'n getuigenis in die wêreld, hang saam met die verwerkliking van die droom van die

koninkryk van God op aarde. Hierdie aksent in die teologie van Calvyn is nie altyd deur sy navolgers in 'n missionêre sin verstaan en uitgeleef nie.

4 EEN, HEILIGE EN ALGEMENE GELOOFSGEMEENSKAP

Die besinning oor die kerk as kerk het nie veel aandag in die vroeë kerk gekry nie. Die Oosterse kerk toon geen belangstelling in die vraag na die kerk nie. Die Griekse kerkvaders het volstaan met 'n beskrywing van die kerk aan die hand van die beelde vir die kerk in die Bybel. In die vestigingsjare van die kerk, was die gesprek oor die Christologie vir die kerk belangriker. Augustinus het in sy stryd met die Donatiste hom duideliker begin uitdruk oor die kerk as instelling (McGrath 1997:461-465). Die sestiende eeu was 'n belangrike tyd vir besinning oor die wese en die identiteit van die kerk. Luther was van oordeel dat die kerk van sy tyd die betekenis van die verlossing uit genade verkeerd verstaan het. Die verlossing kan alleen reg verstaan word deur die regte verstaan van die Skrif. Die suiwer verkondiging van die Woord en die regte bediening van die sakramente, is volgens Luther en Calvyn, dié twee kenmerke waaraan die ware kerk uitgeken kan word. Martin Bucer voeg die toepassing van die kerklike tug as derde kenmerk by. Deur die opsig en tug moes toegesien word dat die suiwerheid van die bediening van die Woord en sakramente gehandhaaf word (McGrath 1997:466-468). Sebastian Franck en Menno Simons van die Radikale Reformasie het hulle nog verder van die Rooms-Katolieke kerk met sy noue bande met die staat gedistansieer. Vir hulle was die kerk 'n alternatiewe gemeenskap in die hoofstroom van die sestiende eeuse Europese gemeenskap (McGrath 1997:471).

Die vraag na die identiteit van die kerk bly steeds aktueel. Dit is egter belangriker om waarlik kerk te *wees*, as om net oor die ware kerk te praat. Die kerk is 'n *gemeenskap* wat uitgeroep is (*ekklesia*) en saamkom, omdat hulle deur die inwerking van die Heilige Gees aan Jesus Christus behoort. Die kerk, as 'n geloofsgemeenskap, is spesiale mense wat op 'n spesiale wyse aan Jesus behoort. As die Goeie Herder vergader Hy steeds sy kudde (Joh 10). Die kerk as Christelike gemeenskap bestaan nie op grond van natuurlike of historiese oorwegings nie, maar op grond van 'n Goddelike besluit.

Die gelowiges van hierdie kerk as 'n sigbare geloofsgemeenskap bely dat hulle glo *aan* 'n kerk wat *een, heilig*,

algemeen en Christelik is (Apostoliese Geloofsbelydenis). Een in Christus, afgesonder van die wêreld (heilig) en wat van die begin af, oor alle tye en grense heen, dieselfde identiteit het (katoliek). Met hierdie belydenis word nie gesê dat die kerk volmaak is nie. Tog verbind die gelowige hom/haar deur hierdie belydenis daaraan om die kerk waaraan hy/sy behoort, 'n plek te laat wees wat een, heilig en algemeen is (Barth 1966:142,144-145).

5 APOSTOLIESE KERK

Slegs die Belydenis van Nicea bely dat die kerk *apostolies* is. Hiermee word 'n historiese verbintenis gelê tussen die kerk en die apostels. Hieronder word verstaan dat die kerk gegrond is in die boodskap en taak van die apostels (Heyns 1988:332). Die eienskappe van die kerk van eenheid, heiligheid, algemeenheid (katolisiteit) en apostolisiteit word in die reformatoriese tradisie gesien as vier dimensies van die kerk wat interafhanklik van mekaar is. Die eienskappe is nie outomaties deel van die kerk nie, maar is belydenisuitsprake wat moet realiseer. Die eienskappe as hoedanighede, is tegelykertyd hoedoenighede. Dit wat die kerk bely, moet waar gemaak word in die lewe van die kerk. Die eienskappe van die kerk is die ideale kenmerke van die kerk, die voorwaardes waaraan die kerk homself telkens weer moet toets. As sodanig is dit ook die gevolge van kerkwees. Die bedoeling van die eienskappe is dat die kerk nie moet stagneer nie, maar dinamies moet ontwikkel tot dit wat dit behoort te wees. As gevolg van die dinamiek daarvan, is die reformatoriese ekklesiologie per definisie, 'n missionêre ekklesiologie.

Die reformatoriese ekklesiologie is nie altyd as 'n dinamies-missionêre ekklesiologie verstaan nie. Daarom moet daar méér gesê word om die werklike bedoeling van die eienskappe te laat realiseer. Die belydenis van die apostolisiteit het 'n *normatiewe funksie*. Die apostolisiteit is die norm van die waarheid vir die Evangelie soos vasgelê deur die getuienis van die apostels, maar is ook 'n uitdrukking van die egtheid van die geloofslewe van die kerk. Elkeen wie in die geloof deel gekry het aan die inhoud van die Evangelie en leef in die teenwoordigheid van die opgestane Christus, is geroep om 'n getuie in die wêreld te wees. 'n Deurleefde christenskap vind neerslag in 'n aktiewe getuienis van die verlossing in Christus.

Die apostolisiteit van die kerk staan gevolglik nie op dieselfde lyn as die eienskappe van eenheid, heiligheid en algemeenheid van die kerk nie. Johan Heyns (1978:332) het homself al ernstig die vraag afge vra of die apostolisiteit van die kerk nie ewe goed onder die kenmerke van die kerk tuis gebring kan word nie. Die apostolisiteit as 'n kenmerk van die kerk is dan nie 'n gevolg van kerkwees nie, maar 'n *voorwaarde* vir kerkwees (Heyns 1978:383). In die sin verklaar die apostolisiteit die werklike bedoeling van die ander drie eienskappe. Die kerk kan alleen waarlik kerk wees as dit deel van God se missie na die wêreld is. Die kerk is gefundeer in die getuienis van apostels en gerig op die hele wêreld (algemeen). Die kerk bestaan uit mense wat die getuienis gehoor het en in die geloof aanvaar het. Hulle is mense wat verlos is van hulle sonde en gereinig is deur die bloed van Jesus Christus, hulle is afgesonder (geheilig) om self weer getuies van die boodskap te wees. Die permanente identiteit van die kerk in Christus, word geïllustreer in die wêreld wanneer die kerk in ooreenstemming met die getuienis van die apostels en profete leef (Pannenberg 1975:147-148).

Die heilige lewe van die kerk kan gesien word in die vervulling van sy diens as *ambassadeur* van Christus in hierdie wêreld. Die vraag wat die kerk telkens weer moet beantwoord is of hy in al sy bedieninge werklik as getuie van die Evangelieboodskap in diens van God staan. Waar die kerk sy wesentlike roeping vergeet en opgaan in selfdiens, dra dit die reuk van die dood in homself (Barth 1966:147). Die kerk is nie 'n slak wat sy huis op sy rug dra en so tuis daarin is dat dit net so af-en-toe sy voelers uitsteek en dan tevrede voel met die publisiteit wat hy daarvoor kry nie. Die kerk leef alleen wanneer hy in opdrag van die opgestane Heer leef: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld" (Matt 28:18-20). Omdat die kerk en sy getuienis van die begin wesentlik een is, is 'n kerk sonder sending en 'n sending sonder 'n kerk beide inherente teenstellings. Sulke dinge gebeur, maar dan net in pseudo-strukture (Braaten 1985:55). Die kerk is altyd soos 'n voël in 'n hok wat teen die draad vasvlieg, omdat hy nie tuis voel in die hok nie. Daar is altyd meer in kerkwees as om tevrede terug te sit met wat jy is. Die kerk leef uit die hoop van die komende ryk van God. Hy is die aankondiger van

en stryder vir die koninkryk van God op voetspoor van sy Koning, Jesus Christus, aan wie alle mag gegee is (Bosch 1991:395).

6 DIE BEDIENING VAN DIE VERSOENING

Die gedagte dat die verlossing van die mens alleen van God kan kom en buite die mens se vermoëns en mag is, het sedert die Verligting vir baie mense problematies geword. Die moderne mens sien die boodskap van 'n totale afhanklikheid van God en die versekering van 'n ewige verlossing in die hiernamaals as oorblyfsels van die kinderlike fase van die menslike geskiedenis. Vir die moderne mens is verlossing die bevryding van godsdienstige bygelowe, aandag aan sosiale voorspoed en morele opheffing van die mensdom. Die middelaars van hierdie verlossing is die wetenskap en die tegnologie. Die kerk het tweërlei op hierdie aanslag van die modernisme gereageer. Aan die eenkant is die aanslag ontken en word daar gewoon voortgegaan soos in die verlede. Die probleem word egter nie opgelos deur dit te ontken nie. Andersyds word Christus nie meer gesien as die Middelaar wat die versoening tussen God en mens bewerk het nie. Hy is bloot 'n ideale menslike wese, 'n voorbeeld om na te volg of 'n morele Leermeester, terwyl die mens hom-/haarself moet verlos (Bosch 1991:397). Hiermee word die wese van die bediening van die versoening in Christus prysgegee.

Sedert 1970 het hierdie sekulêre en liberale definisies van verlossing ook onder druk gekom. Die voorspoed en verwagtings wat die verlossing in die samelewing moes bring, het eenvoudig nie waar geword nie. David Bosch (1991:512) sê die mens word nie verlos uit die wêreld nie, maar van die wêreld. Verlossing in Christus is verlossing in die konteks van die menslike samelewing en 'n weg waardeur die wêreld heel en nuut gemaak word. Hy pleit vir 'n omvattende (komprehensiewe) benadering. Die totaliteit van Christus se verlossingswerk kom hier ter sprake. Hy sien die ses verlossingsgebeure as die “gesigte” van 'n missionêre kerk. Die eerste gesig is die menswording (inkarnasie) van Christus. Hierdie aspek van die werk van Christus is nie in die Protestantse kerke goed ontwikkel nie. Die Westerse kerk het veral klem gelê op die tweede gesig, die kruis as die teken van versoening. Die opstanding, as die derde gesig, funksioneer in die Oosterse kerk as dié gebeurtenis by uitnemendheid. In die Gereformeerde tradisie word veral op die vierde gesig, die hemelvaart as die troonbestyging van die gekruisigde en opgestane Christus, gefokus. Hy is die Een wat nou as Koning regeer. In die Pentakostalistiese kerke val die klem meer

op die vyfde gesig: Pinkster en die uitstorting van die Heilige Gees. Die kerk van die twintigste eeu leef volgens hulle in die bedeling van die Gees. Die sesde gesig is die wederkoms van Christus. Van die vroeg-Christelike tyd was daar adventistiese groepe wat die kerk gesien het as wagkamer vir die ewigheid. Hulle het gelowig met die oë op die wolke geleef. In 'n komprehensiewe benadering staan die ses verlossingsgebeure nie los van mekaar nie. Hulle vul mekaar aan as deel van die totale boodskap van die verlossing in Christus (Bosch 516-517).

8 DIE TAAK EN DIE STRYD VAN DIE KERK

In die vroeë kerk se belydenisse, die Apostoliese Geloofsbelydenis, Belydenis van Nicea en Athanasius, het die kerk die inhoud van sy bestaan verwoord. Na die aanvanklike belydenisvorming het die institusionele karakter van die kerk begin domineer. Die kerk het die instituut geword wat die verlossing vir die mens bemiddel. Daar is geglo dat daar buite die kerk geen verlossing is nie. Die Reformasie was 'n poging om weer die gemeenskapskarakter van die kerk na vore te bring. Die kerk is die draer van die Goeie Nuus dat God in Christus mense met Homself versoen en laat deel aan al sy weldade (Efes 1:3).

Met die ontkerstening in Europa was Hendrik Kraemer (1970:8) die nuwe inspirasie in die beklemtoning van hierdie getuieniskarakter van die kerk. Hans Hoekendijk het hierdie gedagtes verder ontwikkel en hy het 'n groot invloed binne die teologie en die ekumene uitgeoefen. Toe die kerk sy versuim rondom die apostolaat ontdek het, het Hoekendijk die kerk op 'n radikale wyse laat opgaan in 'n instrument van die apostolaat. Hy sien die apostolaat nie as een van die funksies van die kerk nie, maar die kerk as 'n funksie van die apostolaat. Die drie rapporte van die WRK "*The Church for others and the Church for the world*", gee uitdrukking aan hierdie denke (Berkhof 1973:362,431). Die teologie van Dietrich Bonhoeffer het hierby aangesluit. In die basisgemeenskappe in Latyns-Amerika en die Derde Wêreld het hierdie uitgangspunte neerslag gevind in 'n Politieke- of Bevrydingsteologie (Migliore 1991:19).

Die ware kerkbegrip is 'n dinamiese begrip wat gewortel is in die drie-enige God self. Die mees basiese omtrent God is dat Hy hom in Jesus Christus bekend maak deur die voortgaande werk van die Heilige Gees as 'n God wat na die wêreld uitreik in liefde en

mense saamneem na die toekoms. Die drie-enige God is 'n missionêre God en die getuienis van die kerk is geanker in God drie-enig (Migliore 1991:1999). As brug-gebeure is daar 'n voortdurende beweging van die kerk na die wêreld en van die hede na die toekoms. As brug na die wêreld mag die kerk nie in die wêreld opgaan nie. Die kerk moet steeds in God geanker bly en as gemeenskap van die gelowiges iets anders as die wêreld wees. In die geskiedenis was die kerk se werfkrag veral aan sy eiesoortige bestaan in die wêreld te danke. Waar die kerk sy eiesoortigheid verloor het en in die wêreld opgegaan het, het die kerk sy werf- en getuieniskrag verloor (Berkhof 1973:433).

Die taak van die dissipels as die draers van die Evangelieboodskap in die wêreld, is na die hemelvaart deur die kerk voortgesit. As brug van God na die wêreld toe kom die missionêre karakter van die kerk in die volgende *dimensies van kerkwees* navore:

- *Aanbidding en voorbidding*: In sy aanbidding gee die kerk aan God die eer en word Hy aanbid as die enigste ware God. In sy voorbidding tree die kerk plaasvervangend vir die wêreld by God in. Hy bid vir die deurwerking van die Gees in die harte en lewens van mense sodat hulle tot inkeer en bekering kan kom, dat reg en geregtigheid sal geskied, dat konflik tot 'n einde sal kom en mense met hoop sal lewe. Hiermee skuif die kerk nie sy verantwoordelikheid af nie, maar pleit die kerk in die vaste geloof dat God in sy liefde en almag sy saak in die wêreld sal bevorder (Berkhof 1973:436).

- *Hulpverlening en diens*: Die kerk help waar daar geen helper is nie. Deur die hulp en diens van die kerk word alle grense deurbreek en getuienis gelewer van die barmhartigheid en geregtigheid van God. Die kerk getuig deur die Woord wat verkondig word en deur daad van hulpverlening. In die wisselwerking vul die woord en daad mekaar aan, maar elkeen behou sy eie aard. Die doel van die getuienis deur die woord is om mense regstreeks vir Christus te wen en hulle op te bou in hulle geloof. Die getuienis deur die daad is nie bloot 'n middel tot 'n doel nie. Waar mense sonder bybedoelings in die Naam van Christus gehelp word, ervaar hulle die liefde van Christus. Die Christelike geloof is 'n boodskap van verlossing van die totale mens. In die pastorale sorg gaan dit nie net om die genesing van die siel nie, maar ook oor die geestelike en emosionele

lewe van die mens. In die bediening van genesing neem gebed vandag 'n sentrale plek in (Braaten 1985:185-190).

- *Getuienis*: Die getuienis van die Woord kom tot uitdrukking in die prediking, evangelisasie, opvoeding, pastorale sorg, in wetenskaplike publikasies, sendingwerk onder mekaar en na buite. Die getuienis is ongeloofwaardig as liefde nie die aard en die moment van die getuienis bepaal nie. Hierdie getuienis is nie net gerig op die bekering van individue nie, maar is ook profeties gerig op instellings en omstandighede wat met die Woord van God in stryd is. Deur die getuienis van die kerk word maghebbers opgeroep om hulle mag te gebruik in diens van geregtigheid, vrede en vryheid (Berkhof 1973:437).

In die gehoorsame uitvoering van sy missionêre taak in die wêreld, ondervind die kerk toenemend weerstand van die wêreld. Die kerk word op verskillende maniere uitgedaag deur die wêreld. Daar is die *vyandskap van die wêreld*. Die aanbidding van God se genade en die oproep tot bekering vra te veel van die mens in die moderne samelewing met die klem op prestasie en verdienste. Die mens voel hierdeur bedreig. As iemand nie insien dat dit om sy/haar redding gaan nie, word die kragte van selfhandhawing gemobiliseer. Dit ly tot weerstand en selfs vervolging van die draers van die boodskap. (Migliore 1991:187).

Die *ongehoorsaamheid van die kerk self* is dikwels sy grootste vyand. Die traagheid van die kerk om te voldoen aan die verwagtings wat hy in die wêreld skep, veroorsaak teleurstelling en vyandskap by die wêreld. Die kerk bely hy is een, maar breek op in baie kerke (denominasies) as gevolg van nasionale-, rasse- en klasseverkillen. Die kerk bely hy is heilig, maar bestaan uit feilbare en sondige mense. Die kerk bely hy is katoliek, maar eiebelang staan voorop. Die kerk bely hy is apostolies, maar verhef hom bo die leer van die apostels. Die kerk sukkel om die drempel van sy eie traagheid en gemaksug te oorkom. So versak die kerk sy roeping deur of te verkerklik of te verwêreldlik. Die kerk verkerklik as dit 'n introverte religieuse gemeenskap is met sy eie rituele, taal en verhoudings ter wille van sy eie voortbestaan. So 'n institutêre selfhandhawing, is net 'n ander vorm van verwêreldliking van die kerk. Die kerk verwêrelds as hy só by die wêreld aanpas dat hy aan die wêreld gelykvormig word. In beide gevalle word die kerk self 'n verlengstuk van die wêreld. In 'n kerk wat verwêreldlik, is die vlees magtiger as die Gees. Hierteenoor beklemtoon G C Berkouwer

(1972:226ev) die noue verband tussen die heiligheid van die kerk en sy sending. Alleen as die kerk heilig is, in die sin van afgesonderd van die wêreld, kan die kerk sy getuie in die wêreld lewer. Telkens roep die Gees mense weer op om tot die stryd toe te tree en oorwinnings vir die koninkryk van God te behaal. In gehoorsaamheid aan die opdrag van God, moet die kerk die proeftuin wees waar die eerstelinge van die oes vir die koninkryk ingesamel word.

In 'n wêreld wat toenemend sekulariseer, is die kerk in die versoeking om die werklike betekenis van die *Christelike hoop* prys te gee. Hoewel die Ou Testament getuig van die beloftes van God wat in vervulling gegaan het en in die Nuwe Testament gedra word deur die verwagting dat Jesus weer kom, het die kerk gaandeweg aangepas by sy omgewing. Sedert die vestiging van die kerk in die samelewing na Konstantyn, het die passie vir die wederkoms van Christus vervaag. Die Christelike hoop is sedert die Verligting gesien as die produk van menslike onkunde en vrese. Die eskatologie is afgewater tot 'n niksseggende hoofstukkie aan die einde van die dogmatiek, selfs by Karl Barth. Die herontdekking van die uniekheid van die Nuwe-Testamentiese eskatologie deur Johannes Weiss en Albert Schweitzer aan die begin van die twintigste eeu, het ook nie veel verskil gemaak nie. Rudolf Bultmann wil die verhale (mites) oor die einde van die tyd ontmitologiseer en so 'n eksistensiële betekenis daaraan gee (McGrath 1997:546-548). Die opkoms van die Marxistiese utopie probeer 'n alternatief bied vir die Christelike hoop. Volgens Ernst Bloch sal nie God nie, maar die rewolusionêre proletariaat die “finale oordeel” oor die kapitalisme fel en die “nuwe hemel en die nuwe aarde” van die sosialisme laat aanbreek (Migliore 1991:234). Die twee Wêreldoorloë, die ontwikkeling van kernwapens, die dreigende tekens van 'n ekologiese ramp en die voortgaande oorloë in baie wêrelddele, het die afgewaterde Christelike hoop en marxistiese utopisme ontmasker. Daar is 'n soeke na iets meer en dieper. Jürgen Moltmann, in aansluiting by die neo-marxistiese gedagtes van Ernst Bloch, pleit vir die herontdekking van die Christelike hoop as 'n sentrale motivering in die lewe en denke van die individu en die kerk (McGrath 1997:549). Die Christelike hoop verkondig dat die dood nie die laaste sê het nie. Die Christelike hoop het nie net 'n individuele kant nie, maar ook 'n kosmiese dimensie (Migliore 1991:238-239). Vandaar ook die geweldige implikasies

van die Christelike hoop vir die lewe van elke dag. Helmut Thielicke beklemtoon deurgaans in sy drie volumes oor die etiek van 1958 tot 1964 die eskatologiese karakter van die etiek. Die Christelike etiek is altyd bewus van die Nuwe-Testamentiese getuienis dat die gelowige en die kerk in die spanningsveld tussen die huidige tyd en die toekomstige tyd lewe (McGrath 1997:550-551). Daar is altyd 'n spanning tussen die alreeds en die nog nie van die koninkryk van God. Wanneer 'n missionêre kerk praat, stel hy nie bloot 'n teologiese standpunt nie, maar lewer die kerk 'n geloofsgetuienis. In hierdie getuienis word die kerk getoets nie net aan die suiwerheid van sy verkondiging nie, maar ook aan die egtheid van sy geloof, hoop en liefde waartoe hy ander oproep om hom na te volg (Berkouwer 1972:259).

8 DIE TAAK VAN DIE MISSIONÊRE LERAAR

Die leraar wat die taak van die kerk in hierdie tyd as 'n missionêre taak verstaan, is verlos van die instandhoudingsindroom van die professionele leraar wat die vrede in 'n geïnstitusioneerde gemeente ten alle koste wil bewaar. Die missionêre leraar gee te midde van die stryd waarin die kerk is, die pas aan in die volgende vier sentrale leierskapstake.

- (i) As 'n reaksie op die verlies van mag help die missionêre leraar mense om die potensiaal in hulle eie lewens te ontgin en in hulle eie toekoms te ontdek. Mense word begelei om hulle eie *individueelheid* te ontdek.
- (ii) Die missionêre leraar help mense in die skep van nuwe missionêre gemeenskappe van versoening, heelheid, omgee en geregtigheid in die Naam van Christus. Hierdie nuwe *gemeenskappe* is 'n reaksie op die kulturele heterogeniteit in die samelewing.
- (iii) As 'n reaksie op die teologiese pluralisme van die moderne tyd, help die missionêre leraar die gemeente in die vind van 'n nuwe teologiese gerigtheid en die bepaling van gemeenskaplike doelwitte. Die Bybelse *waardes* wat herontdek en vasgelê word, word dan positief uitgeleef.
- (iv) Die missionêre leraar help met die vorming en opleiding van 'n missionêre span om spesifieke en konkrete behoeftes, menslike seer en verwagtings – beide gemeenskaplik en individueel – in die wêreld te ontmoet. Te midde van sosiale spesialisasie en

fragmentering, bring so 'n span *hoop* vir mense in hulle omstandighede (Callahan 1990:91).

In die leiding wat die missionêre leraar in die uitvoering van hierdie vier sentrale take gee, help hy/sy mense in hulle soeke na en ontdekking van die *sin van die lewe* in die konteks waarin hulle lewe. Vanuit 'n persoonlike verhouding met die verheerlikte Christus, word positiewe Christelike waardes vasgelê en mense gehelp om die waardes prakties uit te leef.

9 GETUIENIS EN GEBED

'n Geïnstitutionaliseerde kerk vertrou op sy strukture, terwyl gebed 'n formaliteit is. Al die gereedskap om die gemeente op te bou, hoe bruikbaar dit ookal mag blyk te wees, is nutteloos en selfs skadelik as dit opgeneem word deur mense wat geestelik blind is en wie se hande sonder geestelike krag is (Gibbs 1981:130).

In 'n missionêre kerk is gebed veronderstel om op die *voorpos* van die slagveld van die koninkryk van God te wees. Die kern van die gebed is: "Laat U koninkryk kom" (Matt 6:10). Mense kom na so 'n gebedsbyeenkoms om deur God verander te word. Van Hom ontvang hulle genade en vergifnis en deur sy krag word hulle getuienis woorde en daade van liefde. Die Gees wek die begeerte by die voorposgebedsbyeenkoms om te sien dat die krag van die koninkryk sigbaar sal word in die wêreld en dat die sosiale skeidings in die kerk plek sal maak vir 'n oop gemeenskap van geloof en liefde (Miller 1986:98-99). 'n Kerk met so 'n getuienis in die wêreld, is 'n kerk wat leef!

Literatuurverwysings

- Barth, K 1937. *God in Action*. Edinburgh: T&T Clark.
- Barth, K 1966. *Dogmatics in Outline*. London: SCM Press.
- Berkhof, H 1973. *Christeljk Geloof. Een Inleiding tot de Geloofsleer*. Nijkerk: GF Callenbach.
- Berkouwer, G C 1972. *De Kerk II. Apostolisiteit en Heiligheid. Dogmatiese Studiën*. Kampen: JH Kok.
- Blaauw, J 1962. *The Missionary Nature of the Church. A Survey of the Biblical Theology of Mission*. South Pasadena, California: William Carey Library.
- Bonhoeffer, D 1971. *Letters and Papers from prison*. London: SCM Press.
- Bosch, D J 1991. *Transforming Mission. Paradigm Shifts in Theology of Mission*. Maryknoll, New York: Orbis Books,.

- Braaten, C E 1985. *The Apostolic Imperative. Nature and Aim of the Church's Mission and Ministry*. Minneapolis: Augsburg Publishing House.
- Callahan, KL 1990. *Effective Church Leadership. Building on Twelve Keys*. New York: Harper & Row Publishers.
- Dreyer, D J 1983. Die Dialoog as Openbaringstruktuur. Ongepubliseerde DD-Proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- Getz, G A 1988. *Sharpening the Focus of the Church*. Wheaton Illinois: Victor Books, Scripture Press Publications Inc.
- Foulquié, P 1950. *Existentialism*. London: Dennis Dobson.
- Gibbs, E 1981. *I Believe in Church Growth*. London: Hodder & Stoughton.
- Hall, D J 1999. Metamorphosis: From Christendom to Diaspora. In *Van Gelderen, C (red) Confident Witness – Changing World. Rediscovering the Gospel in North America*, 67-79. Michigan: WB Eerdmans.
- Heitink, G 2000. Het publieke karakter van de kerk. *Skrif en Kerk* 21(2), 260-276.
- Heyns, J A 1978. Dogmatiek. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.
- , 1988. Inleiding tot die Dogmatiek aan die hand van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Jonker, W D 1994. *Bevrydende Waarheid. Die karakter van die gereformeerde belydenis*. Wellington: Hugenate-Uitgewers.
- Kraemer, H 1970. *Uit de nalatenskap van dr H Kraemer*. Kampen: Kok.
- Ladd, G E 1975. *A Theology of the New Testament*. Grand Rapids, Michigan: William B Eerdmans.
- McGrath, A E 1997. *Christian Theology. An Introduction*. Oxford: Blackwell Publishers.
- Migliore, D L 1991. *Faith Seeking Understanding. An Introduction to Christian Theology*. Grand Rapids, Michigan: William B Eerdmans.
- Miller, C J 1986. *Outgrowing the Ingrown Church*. Grand Rapids: Zondervan Publishing House.
- Pannenberg, W 1975. *The Apostles' Creed in the light of Today's Questions*. SCM London: SCM Press.
- Ridderbos, H 1972. *De Komst van het Koninkrijk. Jezus' prediking volgens de Synoptische Evangelien*. Kampen: JH Kok.
- Vicedom, C 1965. *The Mission of God. An Introduction to a Theology of Mission*. Saint Louis: Concordia Publishing House.